

## 27.5 RAPPORT 5 – DEPUTATE KERKGROEIBEDIENING – WEBBLAD

### 27.5 REPORT 5 – DEPUTIES CHURCH GROWTH MINISTRIES – WEBSITE

<p><b>1. Opdrag</b> Acta 2015:517, 6.4.6. “6.4.6 Om ‘n aktiewe webblad vir kerkgroei bediening te skep waar gemeentes op hoogte gehou word van toerustingsmateriaal, opleidingsgeleenthede en ander tersaaklike inligting wat gemeentes kan stimuleer en help met die kerkgroei bediening”.</p> <p><b>2. Sake waarvan die Sinode kennis neem</b></p> <p>2.1 Die webblad <a href="http://www.kerkgroei.co.za">www.kerkgroei.co.za</a> is geskep met die borgskap van Missionet. Hartlike dank aan Paul Grobler vir sy insette en tegniese advies. Die blad is op 30 Augustus 2015 gepubliseer en het teen Junie 2017 2370 besoeke ontvang.</p> <p>2.2 Die webblad is tweetalig met maklike skakels na Afrikaanse en Engelse inhoud. Blaaië is onder andere <i>Nuus; Inligting; Gebeure; Hulpbronne; Loer hier en Interaksie</i>. Daar is gepoog om die nuus op datum te hou met skakel na die jaarlikse GTV vergaderings en die Cross Training program.</p> <p>2.3 Die aanvanklike klem was op die afskop van die Fokustyd Gids en die Feesdag. Afgesien van die publikasie van die gids is ‘n e-poslys geskep waardeur deelnemers die dagstukkies daaglik per e-pos kon ontvang. Omtrent 50 mense het ingeteken waaronder ‘n paar kerkkantore wat dan self die materiaal verder versprei het. Individuele e-poslyste is geskep vir Middelburg, Mpumalanga en Hoëveld Gereformeerde Kerke, maar deelname was minimaal omdat hierdie kerke ook die boekie vir hulle lidmate gedruk het.</p> <p>2.4 Alhoewel ons probeer het om interaksie op die webblad te stimuleer deur ‘n forum en vraelys, was daar min reaksie daarop.</p> <p>2.5 ‘n Facebook-blad en twee Facebook-groepe in Afrikaans en Engels is ook geskep vir die vinnige deurgae van inligting en om interaktiewe kommunikasie te stimuleer. Die blad het 571</p>	<p><b>1. Mandate</b> Acta 2015:517, 6.4.6. “6.4.6 Create an active website for the church growth ministry to keep congregations abreast of training material, training opportunities and other relevant information that may stimulate and aid with the church growth ministry”.</p> <p><b>2. Matters that the Synod take note of</b></p> <p>2.1 The webpage <a href="http://www.churchgrowth.co.za">www.churchgrowth.co.za</a> was created with the sponsorship of Missionet. Heartfelt thanks to Paul Grobler for his input and technical advise. It was published on 30 August 2015 and to June 2017 has had 2370 visits.</p> <p>2.2 The website is bilingual with easy links to both Afrikaans and English content. Included pages are: <i>News, Information, Events, Resources, Take a Peek and Interaction</i>. We strived to keep the news updated with links to the content of the annual RTS meetings and Cross training Program.</p> <p>2.3 The initial emphasis was on the launching of the Church Growth Initiative through the Focus week. Apart from publishing the Focus booklet on the Webpage, a mail list was created whereby subscribers could receive the daily reflection via e-mail. Nearly 50 persons subscribe, which included a few Church offices that distributed the material themselves. Individual mailing lists were created for the Reformed Churches of Middelburg, Mpumalanga, and Hoëveld (Witbank), but participation was minimal as these churches also printed the Booklet for their members.</p> <p>2.4 Although we tried to stimulate interaction with the webpage through a forum and questionnaire, there was little reaction to this.</p> <p>2.5 A Facebook page and two Facebook groups (Afrikaans and English) were also created for quick information transfer and to stimulate interactive communication. The Page received 571</p>
--	--

<p>'likes' ontvang, die Afrikaanse groep het 331 lede gehad en die Engelse groep 27.</p> <p>2.6 Die webblad is betreklik staties vanweë 'n gebrek aan inhoud. Dit is jammer dat ons nie meer inligting van die streeksbyeenkomste ontvang het nie. Waar ons wel materiaal geplaas het, moes ons die inisiatief geneem het om dit te bekom.</p> <p>2.7 Die persepsie van 'n bepaalde Klassis is dat die Kerkgroeibediening momentum verloor het.</p> <p><b>3. Sake waaroor die Sinode besluit</b> <u>Aanbeveling</u></p> <p>3.1 Die webblad voortgesit word in so verre dit die nuwe opdragte aan die Kerkgroei Deputate kan dien.</p>	<p>'likes' to date and the Afrikaans Group has a total of 331 members, while the English Group has 27 members.</p> <p>2.6 The Webpage is rather static due to the lack of content. It is a pity that we did not receive any information on regional initiatives, as this would stimulate interest. Where we did publish material, we had to take the initiative to obtain such.</p> <p>2.7 The perception of a certain Classis is that the Church Growth initiative is losing momentum.</p> <p><b>3. Matters that the Synod decide on</b> <u>Recommendation</u></p> <p>3.1 The webpage be kept in service for as much as it would be useful for new mandates to the Deputies.</p>
---	---

*Rapporteur.*

*Reporter.*